

BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

Suid-Afrika/South Africa

BUN BOOYENS, "*Ek heb geseg!*" *Die verhaal van ons Jongeliede- en debatsvereniging*", Human en Rousseau, Kaapstad, ens. 1983, 123 pp., illustrasies, foto's, R10,50.

Prof. Bun Booyens, voormalige onderwysman en hoogleraar in Afrikaanse Kultuur- en Volkskunde aan die Universiteit van Stellenbosch het met hierdie publikasie 'n verrykende bydrae tot ons kennis van die Afrikaanse volkskultuur gelewer.

Die werk handel oor die Christelike Jongeliede- en ander sekulêre debatsverenigings wat gedurende die jare 1880 tot 1940 Afrikaners, veral op die platteland, in die geleentheid gestel het om op sosiale, kulturele, geestelike en intellektuele terreine hulself op te voed en geestelik toe te rus, juis op 'n tydstip toe dit vir baie nie moontlik was om naskoolse opleiding te ontvang nie.

Aanvanklik het die debatsverenigings onder Engelse invloed ontstaan en Nederlands is gedurende die negentiende eeu deur die studentedebatsverenigings van Kaapstad en Stellenbosch afgeskeep. Politieke stimuli soos die Jameson-inval en die Tweede Vryheidsoorlog het vanaf die eeuwending veroorsaak dat items in Engels in onguns geraak het. Alhoewel die gesproke woord reeds voor dié tyd in Afrikaans gevoer is, is die notules tot aan die begin van die twintigerjare steeds in die sogenaamd deftiger Nederlands opgeteken. Dit was veral onder invloed van kampvegters vir Afrikaans, soos C J Langenhoven, dat Nederlands deur Afrikaans as die geskrewe taal vervang is.

Temas wat deur die studentedebatsverenigings bespreek is, was hoofsaaklik van akuele belang en latere bekende figure soos F W Reitz, J C Smuts, D F Malan, C J Langenhoven en vele andere het hul skoling vir openbare optrede by 'n debatsvereniging gevind. Volgens die tydsges is dames in die vorige eeu nie toegelaat om te debatteer nie, maar het hulle wel opgetree by die sosiale aande wat die vorm van verskeidenheidskonserte en toneelopvoerings aangeneem het. Ondernemende damestudente het egter spoedig hul eie verenigings gestig.

Dit was egter die verenigings op plattelandse dorpe en boereplase wat veral kultuurhistories van belang is aangesien dit so 'n wye kulturele spektrum binne bereik van die plattelander gebring het. Behalwe geleentheid vir debat, is konserte aangebied, toneelopvoerings gehou, opstelle geskryf, joernale aangehou, items gekritiseer, boeke en ander leesstof versprei, sosiale omgang aangemoedig, geleentheid gebied vir openbare optrede, soms met onverwagse resultate, soos die skrywer dit humoristies oortel.

Alhoewel die Christelike Jongeliede-vereniging (CJV) aanvanklik as 'n geestelike hulpvereniging in die Suidwes-Kaapkolonie ontstaan het, het dit gaandeweg in 'n debatsvereniging verander. Sodoende het dit nader aan die sekulêre debatsverenigings beweeg, alhoewel laasgenoemde meer oor die Oos-Kaap, Middellandse en Oranje-Vrystaat versprei was en nou aan die Afrikanerbond verbonde was.

Mettertyd het CJV-takke gevoel om 'n oorkoepelende liggaam te vorm, met die gevolg dat 'n Unie in 1904 onder voorsitterskap van Dr G P van Heerden tot stand gekom het. Die onverbonde debatsverenigings het reeds in 1889 daarin geslaag om 'n Middellandse Unie te vorm.

Prof. Booyens meld ook die gewildheid van debatsverenigings onder Boerekrygsgevangenes. Dit was blykbaar slegs 'n voortsetting van debatsverenigings wat reeds voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog oral in die Republieke en die kolonies gefloreer het. Wanneer die kommando's gedurende die oorlog vir geruime tyd onaktief op een plek vertoef het, was debatvoering dan ook 'n gewilde tydverdryf.

Gaandeweg het die debatsverenigings oor die hele Suid-Afrika versprei en is dit omvorm om aan die eise van streek en tyd te voldoen. In die Vrystaat het die verenigings byvoorbeeld skietverenigings ingesluit. Later het die verstedelike Afrikaners die verenigings gebruik om groepsidentiteit op te bou. Ook het Afrikaanse lektuur 'n noue band met die debatsverenigings gevorm: Spesiale handboeke is vir die bestuur van takke geskryf, C J Langenhoven het 'n rubriek vir debatsverenigings in *Die Brandwag* behartig, J H H de Waal se *De Goede Hoop* het twee bladsye van elke nommer aan die CJV afgestaan terwyl die debatsverenigings weer Afrikaanse boeke onder hul lede versprei het.

Die debatsverenigings het omstreeks 1918 'n hoogtepunt bereik, maar gaandeweg gedurende die dertigerjare gekwyn as gevolg van ander vorme van vermaak en beter kommunikasieverbindings. Na die Tweede Wêreldoorlog het die verenigings met enkele uitsonderings feitlik opgehou om te bestaan.

By die lees van die boek kom 'n mens onder die indruk van die geweldige aantal bekende Afrikaners wat op een of ander wyse aan die verenigings verbonde was. Die foto's en illustrasies vul die werk mooi aan alhoewel die beskikbaarheid van bronne die keuse beperk. 'n Bylae in die vorm van 'n chronologiese opsomming met statistiek in die vorm van tabelle, sou 'n duideliker beeld van die omvang van die debatsverenigings gegee het. Nógans is dit 'n werk wat die kultuurhistorikus móét lees.

T C RAUTENBACH
Universiteit van Port Elizabeth

D H HEYDENRYCH, *Tukkie-Rugby 75. 'n Geskiedenis van die rugbyklub van die Universiteit van Pretoria, 1909—1983*, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 1984. 152 pp., illus., bronne, register.

Met die groeiende belang van sport in die moderne samelewing is dit nie verrassend dat historici ook aandag aan dié tema gee nie. Sport het as sosiale verskynsel immers ook 'n historiese wording deurgemaak voordat dit in die eietydse wêreld 'n belangrike politieke en ideologiese wapen asook 'n uiting van prestige geword het. *Tukkie-Rugby* is daarom nie net 'n geleentheidspublikasie wat die 75-jarige bestaan van die spel aan die Universiteit van Pretoria wil herdenk nie. Soos die rektor van die universiteit dit ook in die voorwoord stel, afgesien van drama op die speelveld, het die aandeel wat persoonlikhede daarin gehad het, bepaalde betekenis. Dit gaan verder oor studente-ontspanning en die waarde wat universiteitsleiers reeds aan die begin van die eeu aan fisieke fiksheid geheg het.

Die boek het 'n wye potensiële leeskring. Afgesien van huidige en oud-klublede sal die ware liefhebber van die spel, wat uiteraard ook in die geskiedenis daarvan belang behoort te stel, en baie oud-Tukkies die boek geniet omdat dit hulle studentejare lewend voor die gees roep.

Tukkie-Rugby kom uit die pen van 'n opgeleide historikus wat die kuns verstaan om eenvoudig en vloeiend te skryf. Dr Heydenrych toon dat die Universiteit van Pretoria 'n roemryke rugbygeskiedenis het wat wyer bekendstelling verdien. Hy kon uit 'n klaarblyklike ryke, maar onvolledige bronnescat put en het daarom getrag om in die beperkte ruimte tot sy beskikking slegs die belangrikste hoogtepunte en strominge na vore te bring. Dit is meer as net 'n geskiedenis van uitslae, jaarvergaderings en naamlyste van spanne. Daar is 'n pragtige balans tussen hierdie komponente en in sy vertolking van gebeure het die skrywer daarin geslaag om die kroniekagtigheid waarin sportgeskiedenis kan verval, te voorkom. Die grootste trefkrag lê in die wyse waarop die betrokke mense lewend tot die leser spreek. Die klub se presidente word in afsonderlike biografiese sketse en foto's voorgestel. Die leser ontmoet baie van die prominente name uit die breër samelewing wat tydens hul studiejare op die rugbyveld uitgeblink het. So is daar byvoorbeeld Charles te Water, die Unie se latere rondreisende ambassadeur wat vroeg in die klub se geskiedenis die kaptein daarvan was, daar is ook die bekende Afrikaanse skrywers J R L (Kleinjan) van Bruggen en G H Franz en vele ander. Die skrywer was egter terdeë bewus daarvan dat net soveel onbekende spelers tot die klub se sukses bygedra het. Dit is aan hulle wat die boek in die eerste plek opgedra is. Dit sou in die opsig interessant wees om te kon bepaal watter rol hierdie mense gespeel het om dié spel die nasionale sport van die Afrikaners te maak nadat hulle die universiteit verlaat het.

Terwyl huidige en oud-spelers veel genot uit die lees van die werk kan put, is daar ook vir die gewone oud-Tukkies baie om weer te beleef. Die geskiedenis van die nou vervalle intervarsity teen Wits kom in die opsig na vore. Die skrywer beweer op p. 112 dat die "raids" tydens intervarsities daarop gemik was om mekaar se gelukbringers en dirigente te skaak. In die laat vyftigerjare was dit veel meer en het albei universiteite gepoog om mekaar se studente voor die voet te vang en na die vyandige kampus te ontvoer. Dit was juis as gevolg van hierdie eskapades op die sypaadjies rondom die Tukkiekampus dat "raids" in ongeveer 1959 afgeskakel is en studente in die daaropvolgende jooloptog die formele begrafnis van "raids" uitgebeeld het.

Aangesien die skrywer selektief met sy stof te werk moes gaan, het vrae onbeantwoord gebly. Die bydrae wat die Pretoriase Onderwyskollege tot die wel en wee van die universiteitsklub gelewer het, is nie geëvalueer nie. Wedstryde tussen die twee inrigtings het na die skeiding soms die atmosfeer van 'n "internorsity" gehad en die botsings tussen hulle het op 'n stadium tot heftige en emosioneel-belade kompetisie gelei. In 1955 het die Tukkies selfverklaarde oop of vyftienmanrugby gespeel (p. 44). Dit sou interessant wees om te verneem of die klub, sedert hy 'n gereelde houër van die Carltonbeker is, nog vyftienmanrugby speel en of dit met toe of tienmanspel gedoen word. Ten spyte van sy krag het Tukkies 'n swak rekord teen die Universiteit van Stellenbosch. 'n Verklaring hiervoor, veral in die lig van die feit dat die pretjie op provinsiale vlak tot onlangs anders was, sou meer perspektief op Tukkie-rugby gegee het. Die Nieu-Seelander Graham Thorne se "verblyf" by die geslote klub verdien ook meer aandag terwyl Dr. Heydenrych se maatstaf vir Tukkie-Springbokke effe beperk lyk. Hy erken slegs diegene wat die eer te beurt geval het toe hulle vir die universiteit gespeel het as Springbokke wat die klub opgelewer het. Dit lyk onregverdig. Die Universiteit van Stellenbosch beskou diegene wat die groen en goud verwerf het nadat hulle die klub verlaat het ook as lede van die "groot rugbygesin van die Maties". Pretoria het ongeveer 'n dekade gelede aktief aan die universiteite se jaarlikse O/20-toernooi deelgeneem en was by geleentheid ook gasheer daarvoor. Die feit het ook vermelding verdien. Nog 'n onbeantwoorde vraag is waarom juis 'n Japanner besluit het om geskenke aan Tukkie-rugbyspelers te bied, (p. 84).

Afgesien van 'n paar spel- en setfoute maak die skrywer enkele ander flaters. Op p. 36 sê hy dat Henrie Muller om sakereides gedurende 1946 uit die WP-span wat in die Curriebekerfinale gespeel het omtrent het. Volgens Muller se eie verklaring was hy reeds vroeër daardie seisoen beseer en het hy vir 'n geruime tyd rees nie provinsiale rugby gespeel nie. Die 1951/2-Springbokspan, wat die eerste Tukkie-Springbokke bevat het, het nie net die Britse Eilande nie, maar ook Frankryk besoek (p. 42). Op p. 54 word 'n kleurvolle Tuk-

kielosvoerspeler 'n vleuel genoem, dog op p. 62 stel die skrywer die fout reg. Dit kan egter vir oningeligtes verwarrend wees. Daar word ook van Harlekyne (p. 61) en Harlequins (p. 93) gepraat. Die Tukkie-afrigter John Williams het sy bynaam by die Britse Leeus van 1974 en nie twee jaar later se All Blacks nie, gekry (p. 85). Dr Daan du Plessis was in 1976 reserwe vir die nasionale span, het in 1977 in 'n feeswedstryd gespeel (dit geld ook dr Christo Wagenaar) en is eers in 1980 vir 'n volwaardige toetswedstryd gekies.

Die publikasie is netjies afgewerk en in 'n duidelike lettertipe geset, iets wat ouer lesers sal waardeer. Die fotomateriaal bestaan hoofsaaklik uit spanfoto's, maar is besonder treffend. Daar is ook enkele aksiefoto's wat die aptyt vir meer prikkel. Miskien moet die skrywer, terwyl hy tans voltyds aan dié universiteit se geskiedenis werk, daaraan dink om 'n foto-album wat oor die universiteit se algemene sportprestasies handel te publiseer.

F J NÖTHLING
Universiteit van Suid-Afrika

G C DE WET (ed.), *Resolusies van die Politieke Raad, X, 1740—1743*, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Kaap No. 10, Die Staatsdrukker, Pretoria, 1984, xx + 320 pp., appendices, index, R7,04 (GST included).

Those whose fields of study lie in the VOC period of South African history have been exceptionally well served over the years since 1957 by the publication of the deliberations of the Cape's Council of Policy. The records of this body provide an essential starting-point for any analysis of the processes of government and of socio-economic developments in the company's southern African outpost. Documents such as these, extensively annotated and issued at a modest price which puts them within reach of all, are of outstanding value to the researcher. The care bestowed upon these transcripts by Dr Anna Böeseke initially, and latterly by Dr G C de Wet, deserves the highest praise.

This tenth volume in the series is devoted to the early years of the Swellengrebel administration. While many of the problems then facing the government were perennial ones, some gained a greater urgency in the period: the slave-trade with Madagascar in the quest for an adequate labour-force, for example, and shortcomings in the provision of religious ministrations in the interior of the colony. There are, moreover, indications in the years 1740—1743 that the Cape of Good Hope was about to emerge from decades of relative isolation from European concerns as the struggle for commercial supremacy and political power in Asia became more intense. Britain and Spain were already at war, the French would soon be involved and the Dutch began to take a closer look at the Cape's defences. The growing tension is reflected in these deliberations; the years ahead would see the colony play a much more significant part than hitherto in international rivalries.

The resolutions of the Council of Policy therefore assume a new dimension from 1744 onwards but alas, researchers will not for the foreseeable future have the benefit of further volumes in this excellent series to guide them along their chosen paths. It is understood that further publication of the *Resolusies* in this form has been suspended. It can only be hoped that one day this decision will be rescinded and that worthy successors to Anna Böeseke and G C de Wet will be found to complete the task of annotated transcription to the end of the VOC period. They will have to look to their laurels to maintain the remarkably high standard set by their predecessors.

M BOUCHER
Pretoria

F L COLEMAN, ed., *Economic history of South Africa*, HAUM, Pretoria 1983, 274 pp.

The appearance of a new textbook with a survey of South African economic history is a pleasant event. Surveys of this kind were published by economic historians of the first generation in this country, namely M H de Kock, *Selected subjects in the economic history of South Africa* (Cape Town — Johannesburg, 1924) and C W de Kiewiet, *A history of South Africa, social and economic* (Oxford University Press, London, first impression 1941). They were followed by a long pause, only recently ended by professor A L Muller, Port Elizabeth, with *Die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika* (Academica, Pretoria — Cape Town, 1979), a reprint of articles, followed by professor Jill Nattrass, *The South African economy, its growth and change* (Oxford University Press, Cape Town 1981), and in 1983 the work edited by professor Francis L Coleman of Rhodes University.

The contributors to the last mentioned textbook are: professor P L Wickins, Cape Town, with two chapters, "Land and labour" and "Agriculture", 88 pp., Dr V E Solomon, previously at Wits, "Transport",

38 pp., and "Money and banking", 36 pp., Dr A C M Webb, Rhodes, "Mining", 32 pp., and Dr A B Lumby, "Industrial development prior to World War II" and a chapter on secondary industry after this War, 51 pp. These authors are able historians and have delivered good work.

With a view to the restricted space in this book it is rather pointless to point out the absence of chapters dealing with other sectors of the national economy, such as population, foreign trade, public finance and economic fluctuations. The contributors' approach is limited to the main sectors. A chapter knitting them together with a description of development and fluctuations of the national economy is lacking. Instead of the two pages on the significance of transport costs for markets (pp. 89—91) by Dr Solomon I would have preferred a more detailed discussion on shipping conferences — on which he is an expert — and on railway rate policy. I regret the absence of a discussion of the building societies in the chapter on banking.

Dr. Webb emphasizes the prehistoric exploitation by aborigines of copper, iron and gold. These mineral resources were rediscovered — not discovered — by whites, according to Dr. Webb.

Most historiography dealing with South Africa is influenced by ideology: liberal, Afrikaner-nationalist, neo-Marxist or non-white. The book reviewed here is largely free from ideology. Only professor Wickins clearly speaks his mind, e.g. on p. 32: "In the years immediately following its succession to power (in 1948), the National Party was as unsympathetic to the hardships of Blacks struggling to survive on inadequate wages as it was hostile to their admission to better jobs", and p. 34: "... the land left for native occupation was far too little for the population it had to carry, and far too ungenerous for the sense of justice of the African people."

The book reviewed here is a welcome contribution to surveys of the economic history of South Africa.

C DE JONG
University of South Africa

PHYLLIS LEWSEN (ed.), *Robert Wilmot, A Cape Traveller's Diary, 1856*, 174 pp., ill., Ad Donker. Johannesburg, 1984, R16,75.

Hierdie boek is gegrond op die tweede deel van 'n manuskrip wat tans in die biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand bewaar word. Waar die eerste deel daarvan is, is helaas onbekend. In die voorwoord verduidelik dr. Phyllis Lewsen dat aanvanklik ook totaal onbekend was wie die skrywer van hierdie dagboek was. Veral as gevolg van toevallige aanduidings in die dagboek self, kon later vasgestel word, dat dit Robert E E Wilmot is, die seun van sir Henry Sacheverell Wilmot, vierde baron van Chaddesden Hall, Derbyshire. Hy was 'n tuberkuloselyer en dit is beter vir hom geag om die gure en nat winters in Europa te ontwyk. Gevolglik het Robert Wilmot Jamaica, Trinidad, Egipte en Palestina besoek en hy het ten slotte ook in die Kaap aangeland. 'n Groot gedeelte van sy besoek hier het hy in die Oostelike Provinsie deurgebring.

Daar bestaan baie reisbeskrywings oor die Kaap, die Suid-Afrikaanse binneland en die Oostelike Provinsie. Party hiervan berus op wetenskaplike grondslag, ander is toegespits op een of ander besondere aspek van die land of is nouliks meer as bloot onderhoudende leesstof. Wilmot was in die grensgebied voor die groot veeslagting van die Xhosa. Hy kon nie veel vertel wat nie alreeds deur ander besoekers genoem of breedvoerig beskryf is nie. Trouens, Wilmot se feite is partymaal twyfelagtig en herhaaldelik onjuis en die redaktrise haas haar om sulke opmerkings in voetnote reg te stel. Die belangrikheid van hierdie boek moet ook nie in die eerste plek gesoek word in vermelding van gebeurtenisse en feite nie, maar in die beskrywing van toestande aan die grens.

Wilmot het tot die hoër sosiale kringe in Engeland behoort en hy was bowendien opmerklik intelligent. Uit die dagboek blyk dat ons te doen het met 'n vriendelike persoon, wat 'n maklike omgang met mense het. Hy was baie belese en veelsydig en opmerklik ondernemens. Gevolglik was hy welkom waar hy ook al gekom het. Sy belangstelling vir kerksake en sy kennis van kerkargitektuur het elke pastorieur vir hom wyd oop gemaak. Verder het hy 'n oop oog gehad vir natuurskoon en keer op keer raak hy in vervoering oor die wye vergesigte oor die vlaktes en berge in die landskap waar hy deurtrek. Sy spesiale liefde vir plante en blomme het die Kaap 'n ware paradys vir hom gemaak. In die dagboek tref ons noukeurige botaniese aantekeninge aan wat tot vandag toe waardevol is.

Tydens die besoeke aan verskillende garnisoensplekke by die grens, het hy baie gehou van 'n onderhoudende gesprek, maar hy het geen geduld gehad vir persoonlike beperktheid nie. Sy beskrywing van party mense wat hy in Grahamstad ontmoet het, is gemoedelik en partymaal selfs uitgesproke grappig.

Die waarde van hierdie dagboek lê dus veral in Wilmot se wye lewensbenadering, sy hoogs intelligente waarnemingsvermoë en sy begripvolle benadering van gebeurtenisse. Onvermydelike teenstrydinge gedurende die lang reis het sy ingebore opgewektheid nie benadeel nie.

Die 8ste grensoorlog was verby, maar Wilmot het oral onsekerheid by die setlaars sowel as by die militêre personeel aangevoel. Die swartgebrande wonings van die laaste oorlog het hom allermins ontgaan.

Hy verskaf bowedien 'n uitstekende insig in die militêre lewe in die grensgebiede. Wilmot besef dat die troepe in die ver uitposte in Kaffraria tot in die grond verveeld was: daar is niks gedoen aan sport of wetenskap en daar is ook niks gelees nie.

Wilmot het verskillende kapteins ontmoet, o.a. Sandile, Gaika, Makoma en ander. Hy was vas oortuig van die noodsaaklikheid van blanke oorheersing van die land, wat dit ook al sou moet kos. Oor wat hy op die sendingstasies wat hy besoek het, gesien het, het hy 'n uitgesproke mening gehad, wat nie altyd gunstig vir die sendingbeleid was nie. Volgens hom behoort vir goeie sendingwerk voor alles die eie mense baie deeglik opgelei te word alvorens hulle toegelaat word om die swartes te bewerk. Hy het sy eie mening gevorm oor die verhouding tussen wit en swart en dit was dikwels in stryd met dié van die plaaslike bewoners en die sendelinge.

Ondanks sy siekte het Wilmot kans gesien om lang afstande te perd af te lê. Dit het hom ook opgeval dat die landskap onder 'n bewolkte hemel so heeltemal anders lyk as in die fel sonlig. In die agt maande wat hy op pad was, het hy 'n intense liefde ontwikkel vir die landskap in die Kaap en dis met spyt dat hy ten slotte teruggeseil het na Kaapstad, vanwaar hy deurgereis het na Engeland. Hy het egter nog lank genoeg in die Kaap gebly om 'n aantal hoogs amusante stories oor mense en toestande te kan vertel.

Wilmot was 'n ervare reisiger wat baie ander lande besoek het en wat geleer het om nie sommer 'n oordeel uit te spreek oor wat vir hom vreemd of anders was nie. Hy was gewoonnd daaraan om goed rond te kyk, te luister en om die ander man se standpunt te probeer verstaan. Hierin lê die waarde van hierdie boek. Dit gee getuigenis van die indrukke van 'n intelligente en bevange waarneming deur 'n persoon met wye ervaring en belangstelling, 'n oop gemoed en 'n liefde vir die natuur. Bo dit alles val sy simpatieke benadering van die mense met wie hy in aanraking kom, op.

Die boek is geïllustreer met 'n aantal tekeninge deur Wilmot self en dit is uitstekend geredigeer deur dr Phyllis Lewsen. Dit is 'n aantreklike en baie belangrike bydrae tot ons kennis van die Kaap teen die middel van die vorige eeu.

F G E NILANT

FRANTZ BALFET, *Samuel Rolland (1801—1873), Pionier van die sending in die Vrystaat* (vertaal deur J van de Graaf), Human en Rousseau, Kaapstad, ens., 1984, 142 pp., illustrasies, kaart, register, R14,95.

Hierdie publikasie is 'n vertaling deur Jan van de Graaf met redaksionele versorging deur René Engelbrecht en Karel Schoeman van die oorspronklike Franse werk wat in 1914 verskyn het. Dit is die tweede boek in die reeks *Vrijstatia*, maar sal met waardering gelees word deur almal wat in sending-, grens- en konflikgeskiedenis belang stel.

Die oorspronklike Franse subtitel plaas Rolland se werksaamhede in Lesotho, maar as gevolg van grensveranderinge val sy oorspronklike sendingstasie, Berseba, in die Oos-Vrystaat, vandaar die vertalers se subtitel.

Oorspronklik was die doel van die boek om die leek in Frankryk van Rolland se sendingwerk bewus te maak.

Die skrywer was 'n bewonderaar van Rolland en aanvaar sy standpunt kritiekloos betreffende die grensgeskille tussen die Oranje-Vrystaat en die Sotho's. Die waarde van die boek lê daarin dat dit die standpunt van die sendelinge en hul Sothobekerlinge stel naas dié van die Voortrekkers, trekboere en die Britse owerheid. Die vernietiging van Rolland se sendingstasie in 1858 gedurende die Eerste Vrystaat-Basothoorlog, die uitwerking daarvan op sendingwerk in die streek en die gebeure daarna tot die verbanning van Rolland en die Franse sendelinge in 1866 deur die Vrystaatse Volksraad vorm die kern van die boek.

Die boek bestaan uit vier dele. In deel een word Rolland se kinderjare, sy jeug, sy opleiding as sendeling en sy reis na die Kaap en vandaar na sy eerste arbeidsveld onder die Tswana beskryf. Ook wys die skrywer op die geloofsband tussen Rolland en dr. John Philip, wat saam met Rolland en die ander sendelinge van die Paryse sendinggenootskap na Suid-Afrika gekom het.

Deel twee beskryf Rolland se sendingwerk onder die Tswana asook sy mislukte pogings om in Mzilikazi se gebied onder sy onderhoriges 'n sendingstasie te stig.

Rolland se werk op Berseba word in deel drie behandel. Ons maak kennis met Rolland wat ootree as bouer, geneesheer, vertaler, onderwyser, trooster, raadgever en diplomaat. Die skrywer verdedig Rolland se rol in die besonder en sendelinge s'n in die algemeen as politieke raadgevers vir die mense onder wie hul werksaam is. Daarna volg 'n beskrywing van die doodskiet van 'n groep volgelinge en die afbranding van sommige huise op Berseba. G M Theal se hantering van hierdie voorval in sy *History of South Africa* word skerp deur die skrywer veroordeel.

In die laaste gedeelte van die boek word Rolland se heropbou van Berseba beskryf. Nogtans besluit hy om weens gebrek aan grond vir al sy volgelinge en politieke onrus Nieu-Berseba oos van die Caledonrivier

te stig, maar word gedurende die oorlog van 1865—1866 verban. Na die anneksasie van Basoetoland het Rolland hom by sy sendelingseun, Emile, op Hermon gevestig. Tydens sy laaste jare het Rolland aan toenemende swak gesig gely en het hy tydens sy verblyf op Hermon buite die aktiewe sendingwerk gestaan.

Alhoewel die werk deurspek is van lang aanhalings wat 'n enkele keer nie duidelik die vindplaas van die bron aandui nie (pp. 15—21), maak die skrywer in 'n groot mate gebruik van die jaarverslae van die Société des Missions Évangéliques (1829—1873), wat in 'n groter mate deur Suid-Afrikaanse historici benut kan word. Die lang, direkte aanhalings, alhoewel steurend vir die verloop van die geskiedenis, bied 'n goeie insig in die persoonlikheid van Samuel Rolland.

Die enkele kaart van die Oos-Vrystaat en Lesotho (p. 64) kon meer besonderhede bevat het, soos byvoorbeeld sendingstasies wat in die teks genoem word asook die grenslyne waaroor die twiste grootliks gegaan het.

'n Leemte in die werk is dat die politieke invloed van Rolland en die ander Paryse sendelinge oor die Sotho nêrens in besonderhede ondersoek word nie. Die skrywer noem slegs dat die Vrystaters besef het "dat hulle slegs dan 'n beslister oorwinning sal behaal wanneer die sendelinge hul invloed op die volk verloor" (p. 113) en besluit het om die sendelinge te verban. Besonderhede oor die aard en omvang van die invloed ontbreek. Desnieteenstaande is dit 'n boek wat die Vrijstatia-reeks eer aandoen.

T C RAUTENBACH
Universiteit van Port Elizabeth

M C E VAN SCHOOR, *Die bannelinge, A.B.O.-Boerekrygsgevangenes 1899—1902, 'n gedenkbrochure*
Bloemfontein, 1983, 36 pp.

Ik begin deze bespreking met het bekende, navrante vers van Jan F E Celliers over de banneling overzee

DIS AL

Dis die blond,
dis die blou;
dis die veld,
dis die lug;
en 'n voël draai bowe in eensame vlug
dis al.

Dis 'n balling gekom
oor die oseaan,
dis 'n graf in die gras,
dis 'n vallende traan
dis al.

Tijdens de Tweede Anglo-Boerenoorlog 1899—1902 hebben de Britten ongeveer 27 000 manlijke krijgsgevangenen gehuisvest in 4 kampen in Zuid-Afrika, 8 op Bermuda-eilanden, 6 op Sint Helena, 5 op Ceylon en 17 in Voor-Indië. Van die gevangenen zijn ongeveer 24 000 naar de kampen buiten Zuid-Afrika gestuurd en 577 overleden, dat is 2,1%, heelwat minder dan de sterfte in de beruchte concentratiekampen in Zuid-Afrika. Het vervoer van krijgsgevangenen is dikwijls allesbehalve gerieflijk en ook de Boeren hebben dat ondervonden. Maar in de kampen trachtten de Britten in het algemeen het lot der gevangenen draaglijk te maken, al zijn gevallen van willekeur en hardheid bekend. De meeste gevangenen besteedden veel tijd aan sport, zang, muziek, toneel, huisvuilij, kampkranten, onderwijs en godsdienst. Boerenofficieren werden vaak op parool uit het kamp gelaten en op Sint Helena mochten gevangenen voor loon buiten het kamp werken. De vele geschenken uit neutrale landen, o.m. Nederland, kwamen meestal bij de gevangenen terecht.

In 1983 is bij Anton van Wouws aangrijpende Vrouwenmonument voor het Oorlogsmuseum te Bloemfontein ter nagedachtenis van de slachtoffers der concentratiekampen een passend beeld van Danie de Jager voor de Boerenbanneling opgericht. Het beeld stelt een man en een jongen voor, die aan de reling van een schip staande vol heimwee terugzien naar hun land Zuid-Afrika, dat zij moeten achterlaten onderweg naar een interneringskamp overzee op een Brits eiland of in Portugal.

De Britse kampadministratie was uitstekend. Er zijn gedrukte lijsten van krygsgevangenen met summierere gegevens over hen verschenen. Ze zijn voor de historicus van groot nut, en waren de bron voor de brochure "Die bannelinge, A.B.O.-Boerekrygsgevangenes 1899—1902, 'n gedenkbrochure" (1983, 36 pp.), door prof. M.C.E. van Schoor samengesteld voor het Oorlogsmuseum te Bloemfontein bij de onthulling van

Danie de Jagers beeld. De brochure bevat een inleiding van 3 bladzijden, een lijst van Boeren en andere krijgsgevangenes, die in kampen overleden zijn, en 47 afbeeldingen. Op p. 32 staat een mooi gedrukt programma voor een ontspanningsavond in het kamp Ragama op Ceylon, waar de felste anti-Britten waren ondergebracht. Onder de spelers wordt E (Ernest) F.E. Douwes Dekker genoemd. Hij was ook de decorschilder en later leider van de Indonesische onafhankelikhedsbeweging.

Er is in en buiten Zuid-Afrika vrij veel over de Boerenkrijgsgevangenes gepubliceerd, ook over de dikwyls fraaie produkte van hun uitgebreide huisvlijt, welke men in vele musea ziet. De voedselrantsoene waren matig en moesten met extra's worden aangevuld, waarvoor geld met huisvlijt moest worden verdiend. De grootste kwellinge was die verveling, welke die meeste bannelinge op bovenvermelde wyse ervaarde, en die kommer over het lot der strijders en nietstrijders in Zuid-Afrika, dat dikwyls veel harder was.

"Vandag getuig slegs die kunsvoorwerpe wat verkoop is, en die grafte van die Boerebannelinge se aanhouding en verblyf in die vreemde," so eindigt prof. Van Schoor. Voor het onderhoud van die graven word tegewoordig redelikh of goed gezorgd.

C DE JONG
Universiteit van Suid-Afrika

Historiografie/Historiography

F A VAN JAARSVELD, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuld-vraagstuk*, Lex Patria, Kaapstad en Johannesburg, 1984, 221 pp., R27,00 + AVB.

In hierdie jongste werk van hom gee prof F A van Jaarsveld 'n gesaghebbende oorsig van al die verskillende skole in die Suid-Afrikaanse historiografie. Hy beweeg dus op 'n terrein waar hy alreeds bekendheid verwerf het oor die afgelope 26 jaar sedert sy eerste opstel oor die historiografie in 1959 in die boek *Die Afrikaner en sy geskiedenis* verskyn het. Soos hy in die voorwoord aandui, is hierdie werk in werklikheid 'n hervatting van sy opstel "Visies en neigings in die Suid-Afrikaanse historiografie" wat in 1974 in die bundel *Geskiedkundige verkenninge* (J L van Schaik, Pretoria) opgeneem is en wat 'n verwerking was van sy intreerede by die aanvaarding van 'n professoraat aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1961. (Die skrywer verwys in die verband per abuis na die verkeerde opstel, nl "Oor vertolking en hervertolking in ons geskiedskrywing"). Waar die opstel van 1961 slegs die geskiedskrywing tot ongeveer 1960 oorsigtelik behandel het, neem hierdie een dit nou omvattend van die ontstaan van die Suid-Afrikaanse historiografie in die 19de eeu tot die begin van die tagtigerjare. Die raamwerk wat prof Van Jaarsveld oorspronklik daargestel het, met 'n koloniale, 'n imperiale en 'n republikeinse visie in die 19de eeu en daarna die konserwatiewe Afrikanervisie en die liberale visie in die 20ste eeu voor en na 1948, asook 'n swart visie, is algemeen aanvaar en nagevolg. Nou is dit volledig met bespreking van die neo-liberale rigting en die radikale skool, wat geeneen in 1960 nog bestaan het nie, en 'n baie vollediger oorsig van die ontwikkelingsfases van die Swart geskiedskrywing oor Suid-Afrika.

Die boek bied nou vir die eerste keer binne een band 'n ontleding van al die verskillende geskiedbeskouings oor die Suid-Afrikaanse verlede. Die enigste ander vergelykbare publikasie is die werkie van Harrison M Wright, *The burden of the present*, wat in 1977 verskyn het, maar wat slegs die liberale en radikale rigtings teenoor mekaar geplaas het — en dit ook nie naastenby so volledig as wat Van Jaarsveld dit doen nie. Gevolglik het ons hier 'n uiters nuttige handboek wat met vrug deur historici en nagraadse studente gebruik kan word.

Soos die titel aandui is die verskillende rigtings binne die konteks van die skuld-vraagstuk behandel. Daarom begin die werk met 'n afdeling waarin die plurale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing voorgelê word, tesame met die veelvoud vertolkings van die Suid-Afrikaanse verlede wat daaruit voortvloei, en 'n aanduiding van die verband wat dit met die skuld-vraagstuk het: elke visie sonder 'n sondebok uit wat verantwoordelik gehou word vir dit wat in die verlede verkeerd geloop het — die Afrikanerhistorici het die Britse imperialisme geblameer, die liberale skrywers die Afrikaner, die Swart historici kies weer die witman uit, en die radikale skrywers die kapitaliste. Binne hierdie raamwerk word dan eers die konserwatiewe Afrikanergeskiedbeskouing behandel, en daarna die liberale en neo-liberale beskouings, die radikale vertolking en die Swart siening. Die werk word dan afgesluit met 'n behandeling van die probleem van die skryf van 'n "algemene" geskiedenis binne so 'n gefragmenteerde samelewing: is 'n sintese van al die verskillende sienings moontlik?

Die skrywer maak insiggewende stellings omtrent die Afrikanergeskiedskrywing. Hy wys tereg daarop dat die idee posgevat het "dat Suid-Afrika se geskiedenis Afrikanergeskiedenis is en Afrikanergeskiedenis Suid-Afrikaanse geskiedenis." 'n Mens hoef maar net enige van die algemene geskiedenis in Afrikaans te lees om te besef dat dit eintlik Afrikanergeskiedenis is, met die Engelssprekende Suid-Afrikaners en die

Swart en Bruin mense bloot as vyande, bedreigings en “probleme” op die rand van die verhaal. Die enigste Afrikaanse werk wat ietwat van dié benadering weggebreek het is Van Jaarsveld se *Van Van Riebeeck tot Verwoerd* en sy latere weergawes. Afrikanergeskiedskrywing het gevolglik as voedingsbron vir Afrikanernasionalisme gedien en geslagte van skoolkinders is op hierdie dieet gevoed. Tot met republiekwording in 1961 was daar nog politieke bruikbaarheid vir so 'n siening, maar sedertdien het die Afrikanergeskiedskrywing al hoe meer in 'n lugleegte beland sodat dit tans irrelevant in die Suid-Afrikaanse situasie is. Die skrywer pleit daarom dat die eksklusiewe geskiedbeeld van vroeër hersien moet word. Dit is effens jammer dat die gelofte-debat waarin die skrywer vroeër 'n prominente rol gespeel het, hier by die argument ingesleep word.

Heelwat krediet word gegee aan W M Macmillan en sy geesgenote van die liberale skool vir hulle verbreding van die visie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Maar veral belangwekkend is die bespreking van die neo-liberale skool soos veral uitgedruk in die *Oxford history of South Africa* van Wilson en Thompson en *The shaping of South African Society, 1652—1820* van Elphick en Giliomee. Van Jaarsveld se oordeel oor eersgenoemde boek is minder skerp as wat die geval was in die opstel “Ons verledebeeld: geskonde oue of vertekende nuwe?” wat in *Geskiedkundige verkenninge* opgeneem is en oorspronklik net na die verskyning van deel I van dié werk in 1969 geskryf is. In die geval van Elphick en Giliomee se boek meen ek tog hy kon meer erkenning gegee het vir die nuwe bevindinge daarin, byvoorbeeld, dat nie godsdienis nie maar kleur sosiale status in die Kaapkolonie bepaal het. Dié bevinding was immers gebaseer op onomstootlike statistieke omtrent die verband tussen die gedoopte status en die vrystelling van slawe. Die bespreking van die polemieë tussen Van Jaarsveld en prof Andre du Toit, staatsfilosoof van Stellenbosch, is ook ietwat onvanpas in hierdie afdeling.

Die uiters deeglike behandeling van die radikale geskiedskrywing oor Suid-Afrika in 'n hoofstuk van 50 bladsye is 'n baie welkome bydrae oor die Suid-Afrikaanse historiografie. Dit getuig van groot belesenheid en deurdagtheid. Die beginselgrondslae van hierdie skool word deeglik uiteengesit en alhoewel die skrywer duidelik standpunt inneem teen die eensydige vertolking vanuit die historiese materialisme, skroom hy tog nie om krediet te gee waar dit verdien word nie. So wys hy bv. op p 87 daarop dat die radikale historici temas aangedurf het wat lank deur ander navorsers verwaarloos is en (pp 99—100) dat hulle groot verdienste daarin lê dat hulle aangetoon het dat die Swartmense “nie net passiewe objekte nie, maar medespelers in die geskiedenis van Suid-Afrika was.” Hulle het ten spyte van hulle aktivistiese instelling heelwat leemtes in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing uitgewys: “Te lank het die klem eensydig op die staat, politiek en historiese persoonlikhede geval, terwyl sosiaal-ekonomiese verskynsels, strukture, prosesse, groepe en massas verwaarloos is.” (p 122).

In die deeglikste opstel wat waarskynlik nog daarvoor verskyn het, word die Swart historici se siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis deur al sy stadia ontleed, van swart gematigde geskiedskrywing in die sendelingtradisie tot die revolutionêre bevrydingsvertolking deur Swart vlugteling-skrywers.

Die skrywer kom in die slotgedeelte tot die gevolgtrekking dat 'n algemene geskiedenis van Suid-Afrika moontlik is, maar nooit vir al sy inwoners aanvaarbaar sal wees nie. Dit raak dus die hele kwessie van die relatiewiteit van historiese kennis; geen weergawe van die verlede-werklikheid kan ooit op finaliteit aanspraak maak nie; elke geslag sal daarop aandring om sy eie interpretasie daarvan te vorm en alle geskiedskrywing is standpuntbepaald. Laasgenoemde faktor moet veral in die heterogene Suid-Afrikaanse samelewing in ag geneem word.

Die belangrikste gedagte wat die lees van die boek by my gelaat het was die diep, feitlik onoorbrugbare interpretasieverskille tussen die verskillende skole. Wat egter uit die oogpunt van die Afrikaner-historikus uiters ontstellend is is dat die verskille so diep geword het dat veral die Afrikanersiening gevaar loop om heeltemal irrelevant te word: terwyl daar nog 'n debat tussen liberale en radikale historici plaasvind, is die Afrikanerhistorici nie daarby betrek nie en is hulle grootliks toeskouers wat die stryd van die kantlyn af waarneem. Daarby kom nog die feit dat die opkomende Swart historiese besef veroorsaak dat die weergawe van die Suid-Afrikaanse verlede, soos veral in skoolgeskiedenisboeke vir Swart skole daargestel, verset uitlok. Dit is verstaanbaar as 'n mens in aanmerking neem hoe eensydig blanksentries Afrikanerhistorici nog skryf en dat kontak- en konfliktsituasies in die verlede dikwels beskryf word sonder dat 'n poging hoegenaamd aangewend word om die Swartman se kant van die saak te sien.

Hierdie boek bewys 'n groot diens aan die historiese gemeenskap en behoort minstens deur alle nagraadse studente onder oë geneem te word.

D H HEYDENRYCH
Universiteit van Pretoria

Genealogie/Genealogy

LINDA ZÖLLNER en J A HEESE, *Die Berlynse Sendelinge in Suid-Afrika en hulle nageslag*, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1984, 586 pp., R23.00.

Dit is verblydend dat die Genealogiese Afdeling van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing dit goed gedink het om die genealogiese besonderhede van die Berlynse sendelinge en hul nageslag te boek te stel. Die Berlynse sendelinge en hulle nageslag het diep en onuitwisbare spore in die kultuurlewe van hierdie land getrap, en dat hulle vandag die aandag geniet wat hulle toekom, is 'n aanduiding van Suid-Afrika oor 'n tydperk van meer as 100 jaar.

Vir die opstellers van hierdie werk was daar talle struikelblokke. Die gegewens van die Berlynse sendelinge word hoofsaaklik in Oos-Berlyn gehuisves en vir die meeste Suid-Afrikanners is toegang tot die kommunistiese Duitsland geheel en al uitgesluit. Gevolglik moes hulle hoofsaaklik deur middel van korrespondensie besonderhede oor die sendelinge insamel. Dit het spoedig geblyk dat die sogenaamde "Personakten der Missionare" nie altyd die volledige verhaal van die lief en leed van 'n bepaalde sendeling vertel nie, en daarom moes die opstellers eindeloos hier te lande soek na die ontbrekende inligting. Die eindprodukt getuig van veel moeitevolle navorsing wat keurig verwerk is. Die fotokroniek agter in die boek laat die sendelinge en hul families weer lewe en strek die werk ten goede.

Dit is jammer dat die opstellers nie meer van die Duitse bronne benut het in die opstel van hulle werk nie. Trouens, geen van die meer bekende bronne oor die Berlynse sendelinge soos onder andere die werke van Wangemann, Richter, Kratzenstein, Gensichen en Knak is benut nie. Origens bevat die werk talle onjuisthede en bronne word selde erken. Hierdie werk moes beslis meer wetenskaplik aangepak gewees het, en die feit dat daar nie eens 'n bibliografie opgeneem is nie, is onvergeeflik.

WERNER VAN DER MERWE
Universiteit van Suid-Afrika

Kitshoff. Die nageslag van Johannes Ketchuk, opgestel deur M H C Kitshoff en geredigeer deur R T J Lombard, Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die R G N, 1984, Genealogiereeks Nr 20, R12,00 + AVB.

Die navorsing vir hierdie genealogie is gedoen deur 'n afgetrede geskiedenisonderwyser — die ideale soort persoon wat genoeg tyd het vir hierdie veeleisende en tydrovende bedryf. In die proses het hy tot kontak met 'n navorser in Pole gemaak en die geskiedenis van 'n familie neergepen waarvan die stamvader glad nie in die bestaande genealogiese bronne genoem word nie. Die gevolg is 'n onderhoudende verslag vol interessante hede oor die hele geslagslyn met 'n formele geslagsregister daarby aangeheg.

D H H

The Moser family in South Africa, compiled by R A Hermanson and edited by R T J Lombard, Institute for Historical Research, HSRC, 1984, Genealogy Publication No 21, R12,00 + GST.

This is the story of Francois Joseph Moser and his descendants. Moser was a member of the British German Legion who came to South Africa in 1857 after the Crimean War to settle on the Cape eastern frontier. The picture of pioneering conditions painted in this family history is therefore also largely the history of the German settlers who have played such a prominent role in the life of the border region. Joseph Moser's cottage at Berlin still stands today as a national monument.

D H H

Algemene geskiedenis/General history

PAUL KENNEDY, *Strategy and diplomacy 1870—1945: eight studies*, George Allen & Unwin, Londen 1983, 254 pp., indeks, notas. R32,50.

Vir studente in die moderne geskiedenis het Paul Kennedy geen voorstelling nodig nie. Hy is een van die mees produktiewe en bekendste Britse historici van ons tyd. Uit sy pen het onder andere die monumentale *The rise of the Anglo-German antagonism 1860—1914* verskyn. Kennedy is ook die outeur van sulke

bekende werke soos die *The realities behind diplomacy* en *The rise and fall of British naval mastery*. Kennedy was voorheen verbonde aan die Universiteit van East Anglia en tans is hy professor in geskiedenis aan die Universiteit van Yale in die VSA.

Die onderhawige werk is 'n bundel van agt opstelle wat die skrywer oorspronklik as lesings aan verskeie universiteite aangebied het. Sy tema is strategie en diplomاسie — die gebied waarop hy 'n aanvaarde deskundige is. Aangesien die werk vertolkend is, sal dit nie juis van veel waarde wees vir voorgraadse kursusse nie, want 'n redelike diepgaande kennis van die internasionale diplomاسie word veronderstel. Nagraadse studente wat meer op die hoogte van sake is, behoort by hierdie werk te baat. Die opstelle behandel onder andere temas soos die vroeë oorsprong van die Britse beleid van "appeasement", Anglo-Duitse vlootwedywering en die Japannese strategie gedurende die Tweede Wêreldoorlog. In elke opstel bied Kennedy die leser 'n splinternuwe vertolking van ou bekende feite. Sy beskouinge is oorspronklik, kontroversieel en boeiend. Dit is verfrissend om hierdie standpunte te leer ken, en help om sommige van 'n mens se eie "voorstellings" in breër perspektief te sien. Hoe oortuigend Kennedy se argumente ook al is, bly dit maar vir my moeilik om te glo dat die Britse beleid van "appeasement" eintlik al in 1865 sy oorsprong gehad het en dat die Britte redelik konstant hierdie beleid gevolg het totdat dit ná München in diskrediet geraak het. Volgens Kennedy het twee sterk tradisies in die Britse buitelandse beleid na München vir die eerste keer gekulmineer. Aan die een kant was daar die meer linksgesinde tradisie wat altyd vir minder buitelandse betrokkenheid gepleit het, en aan die ander kant was daar die meer regse tradisie wat steeds vir groter buitelandse betrokkenheid gepleit het. Hierdie twee tradisies het die uitvoering van 'n groter versoeningsbeleid moontlik gemaak, maar toe albei vir sterker optrede teen Hitler begin pleit het, het die tradisionele "appeasement" in duie gestort. Die skrywer wys dan ook daarop dat die begrip "appeasement" eers ná 1938 sy negatiewe betekenis gekry het.

Of 'n mens met al die skrywer se idees gaan saamstem, is 'n ander saak, maar wat 'n mens se beskouing ook al mag wees, hierdie agt opstelle is beslis die moeite werd om van kennis te neem.

WERNER VAN DER MERWE

Universiteit van Suid-Afrika

MAURICE KEEN, *Chivalry*, Yale University Press, London, 1984, 303 pp., R44,00

Hierdie boek, hardeband met treffende toepaslike stofomslag, bevat 55 foto's van gehalte wat dien tot aanvullende illustrasie, 'n register, lywige bibliografie, werklik omvangryke en bruikbare verduidelikende notas asook 'n stewige Inleiding en 'n helder, noodsaaklike Gevolgtrekking. Van die temas wat in aparte hoofstukke behandel word, sluit onder andere in: die aardse oorsprong van ridderskap; die Kerk, Kruistogte en die ridderwese; die seremonies by toernooie en toernooie as sodanig met hulle betekenis; die slaan tot ridder; wapens, adellikes en eerbetoon; allerlei ede; adellikheid; ridderskap en oorlogvoering; allerlei mites en verhalvoorbilde rondom ridderlikheid.

Keen skets die ridderwese in al sy skakerings en nuanses. Hy plaas die hoofjare hiervan tussen 1100 en 1500 — en hy motiveer sy siening. Hy ontleed die werklike egtheid en diepte daarvan en besluit dat dit inderdaad 'n sterk werklikheid oor eeue was; dat dit in gewysigde vorm op talle maniere in baie lande sigself oor geslagte voortgesit het; die beste bewys vir die diepgrypende aard daarvan.

Die skrywer erken dat die presiese betekenis van (chivalry) ridderskap, ridderwese, ridderlikheid vanweë verskeie redes nie met sekerheid te bepaal was en is nie. Dit het aanvanklik 'n groep ridders aangedui, 'n bondgenootskap, 'n stand, 'n kode of norm vir gedrag, 'n soort idealistiese siening en 'n seremoniële gebeurtenis. Die probleem is vererger deurdat die Kerk die begrip en die amp van ridder te veel vergeestelik het; omdat romantici die begrip verheerlik het; deurdat die militêre faset oorbeklemtoon is; aangesien dit as 'n bloot sosio-humanistiese patroon vertolk is of omdat dit alleenlik aan toernooie van uiteenlopende aard gekoppel is. Op die koop toe het Franse, Duitsers, Britte, Boergondiërs en andere 'n eie mening oor ridderlikheid daarop nagehou. Veral die Kruistogte het 'n vervlegting van ridder, godsdiens en ridderskap tot verwarrende gevolg gehad.

Maurice Keen, wat baie wyd gelees het en in besonderhede verslag doen, besluit dan: "Chivalry may be described as an ethos in which martial, aristocratic and Christian elements were fused together. I say fused, partly because the compound seems to be something new and whole in its own right, partly because it is clearly so difficult to completely separate the elements in it". (p. 16). Hy sien dit ook as 'n "social secular ideal" en op p. 17 weer soos volg: "Chivalry, ... is a way of life in which we can discern these three essential facets, the military, the noble, and the religious; ..."

Wat wel duidelik is, is dat ridderskap by die ridder eerlikheid, getrouheid, reinheid, lojaliteit, sosiale meeleving, patriotisme teenoor staat en Kerk, liggaamlike gesondheid, krygsmanskap en ruitersbekwaamheid, agting vir vroue, belesenheid en welwillendheid beklemtoon en ingeskerp het. Die hele opset

was nie 'n leë ritueel nie — die ritueel moes juis meerdere inhoud en glorie en waardes en appèl ten opsigte van alles verleen. Die besef van afkoms en adelstand het sosiale en morele verpligings vir die adellikes self meegebring; hulle het immers geglo dat hulle status en aansprake en geleenthede ook eise veronderstel het. Hulle stande-trots het hulle laat besef ridderlikheid is iets eksklusief om te verrig, om in uit te blink, om volgens aanspraak op te verbeter, om toegang tot ander hoër kringe te verleen.

Volgens Keen het die feit dat die Christelike element van ridderskap te veel klem ontvang het, gelei tot die siening dat aardse, wêreldlike verval die verskynsel en voortbestaan van die ridderwese aangetas het. En hierdie uitgangspunt verwerp hy. Teen die einde van die elfde eeu het die militêre ontwikkeling die vorming van kavalerie-eenhede, die gepantserde ruiter, bevorder. Die Kruistogte het hierdie siening aangewaker. Maar na 1500 het die militêre patroon verander, het die hoë prys van perde en die swak ekonomie ridders hulle plek algaande laat verloor. Infanterie-eenhede het toegeneem. Die ridders het daarom betaalde offisiere in die nuwe staande mag van die vors geword. Eie, nuwe regimente en baniere is geskep. Vaderlandstrou het nasionale betekenis gekry. Die ridderlikheid van die ridderwese is vervang met trou teenoor die koning deur veral die adel. Laasgenoemde weer wou hulle plek, geld en funksie, sosiale aansien en voordele behou en daarom het hulle volledig in die nuwe tradisies van die Vroeg-Moderne Europa opgegaan.

Nogtans is die grondslae en beginsels van die ridderwese behou. Ou ordes soos die Knights of the Garter, die Order of St. Michael en die Goue Vlies het in hulle luisterrykheid toegeneem eerder as wat dit 'n ware funksie van trou teenoor die leenheer vertolk het. Die patroon van ridderlikheid het verander, maar die beginsel het nie verval nie. Vandag nog word allerlei presteerders met toekennings, eerbewyse en range en pryse deur rade, vorste en militêre owerhede vir lojaliteit, prestasie, dapperheid en vrygewigheid beloon.

Die kern van die lywige oorsig, wat nie juis nuwe feite bevat nie maar wat 'n ou tema wil vertolk en verklaar, kom hierop neer: "Chivalry's most profound influence lay ... in setting the seal of approbation on norms of conduct, recognised as noble when reproduced in individual act and style — and in dictating, in many respects, the mode of this approbation. It had a key impact in the fashioning of the idea of the gentleman, ..." (p. 249). Verder ook: "Chivalry essentially was the secular code of honour of a martially orientated aristocracy". (p. 252).

Ridderlikheid leef in baie vorme tot vandag toe voort. Die behoefte bestaan steeds om heldmanskap, trou en edelheid te erken, te beloon en as 'n norm vir die nageslag voor te hou.

Die boek word sterk aanbeveel vir diegene wat die sosio-kulturele ingewikkeldhede en uitgangspunte van 1100 tot 1500 wil nagaan.

MARIUS SWART
Universiteit van Port Elizabeth

L M CULLEN, *The Emergence of Modern Ireland 1600—1900*, Gill and Macmillan, 1983 (sagteband), 292 pp., R19,55.

Die politieke geskiedenis van Ierland in die moderne tydsgewrig is reeds deurtastend in heelwat wetenskaplike werke behandel. Dit het al 'n gemeenplaas geword om te beweer dat die kompleksiteit van politieke gebeure slegs behoorlik begryp kan word met inagneming van sosiale en ekonomiese dryfkragte en strominge.

Ierland is nie 'n stabiele gemeenskap nie. Die Ierse geskiedenis word gekenmerk deur sy kompleksiteit en onvoorspelbaarheid. Die oorgang van 'n middeleeuse tot 'n moderne Ierse samelewing kan slegs na waarde beoordeel word binne 'n breër sosiale en kulturele konteks. Hierdie oorgangstydperk is gekenmerk deur kulturele en sosio-ekonomiese veranderinge.

Hierdie werk handel wesenlik oor die struktuurverandering wat die Ierse samelewing ondergaan het: "It was, in essence, the transition from medieval to modern ... In effect, a social and cultural transformation took place of what was the last western European country to abandon the medieval world" (p. 25).

Die skrywer, L M Cullen, is professor in moderne Ierse Geskiedenis aan die Trinity Kollege, Dublin. Die bedoeling van hierdie boek, wat reeds in 1981 vir die eerste keer verskyn het, was "... to integrate the varied themes of Irish history into a general framework which will make its complexity and evolution more intelligible" (p. 8). Feit van die saak bly, die Ierse samelewing is moeilik om te deurgrond, veral vanweë die godsdiensverskille en gebrek aan kulturele homogeniteit. Juis daarom is hierdie werk te verwelkom vanweë die kulturele en sosiale perspektief wat dit verleen aan 'n Ierse samelewing in wording.

In hierdie belangrike en oorspronklike studie, gebaseer op diepgaande resente navorsing, het die skrywer veral op drie hoofaspekte gekonsentreer: omgewingsveranderinge gedurende die onderhawige tydperk, met klem op die posisie van die groot landhere en die stigting van dorpsgemeenskappe. Demografiese veranderinge word ook ontleed, tesame met die kulturele en sektariese spanninge wat saamhang met die kolonisasie van die land.

Derdens word heelwat aandag ook bestee en nuwe lig gewerp op die kookkuns en eetgewoontes in 'n veranderende Ierse gemeenskap, en in watter mate lewenstandaard en lewenswyse daarop inwerk. Dit het weer 'n uitwerking op die hele konsep van gasvryheid. Want feit van die saak is: "The impact of change is reflected in both hospitality and menu" (p. 191).

Hierdie boek met sy twaalf hoofstukke is voorsien van uitgebreide verwysings en 'n register. Ongelukkig ontbreek ophelderende illustrasies, veral kaarte en sketse. Dit is 'n besliste leemte.

In die geheel gesien is dit 'n prikkelende werk wat veel stof tot nadenke bied. Die omslag meld heel tereg: "This radical new interpretation will be required reading for all, whether students or general readers, who are seriously interested in the past and its bearing on present day events in Ireland."

H O TERBLANCHE
Universiteit van Port Elizabeth